higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4

(3081034)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... is wat gebeur wanneer veranderinge sonder enige beheerprosedures, soos ’n veranderingsversoek, aan die projekbestek of -omvang aangebring word.

A Bestek
B Bestekkruiping
C Bestekverklaring
D Bestekbeplanning

1.2 ... -aktiwiteite sluit in toetsing, monitering, nakoming van spesifikasies en verslagdoening oor afwykings.

A Probleemoplossing
B Gehaltebeheer
C Risikobeheer
D Risikobestuur

1.3 ... identifiseer ’n kernprobleem met sy grondoorsake en -simptome:

A Voorrangdiagram
B Probleemanalise
C Probleemidentifisering
D Probleemboom

1.4 ... verseker dat ’n projek aangepas of verfyn word indien veranderinge noodsaaklik is.

A Bestekveranderingbeheer
B Voorraadbeheer
C Veranderingsbeheerprosedure
D Finansiële beheer

1.5 Enige tasbare ondersteuning soos werkende personeel, materiaal en toerusting in die uitvoering van ’n projek:

A Personeelvoorsiening
B Hulpbronne
C Finansies
D Verbruiksgoedere

Kopiereg voorbehou

1.6 Sluit in begin- en einddatums vir projekaktiwiteite, wie dit moet doen en wanneer dit gedoen moet word:

A Hulpbronkalender
B Lessenaarkalender
C Projekbestuursplan
D Projekskedule

1.7 ... dien as 'n herinnering aan aktiwiteite en take wat onderneem moet word en vermeld teen wanneer dit onderneem moet word.

A Gantt-grafiek
B Notule
C Vorderingsverslag
D Skedule

1.8 'n Vergadering wat soos benodig geskeduleer word wanneer 'n spesifieke onderwerp bespreek, en 'n besluit geneem moet word wat nie tot die volgende vergadering kan wag nie:

A Ondernemersvergadering
B Projekreëlingskomitee-vergadering
C Ad hoc-vergadering
D Vorderingsoorsig-vergadering

1.9 'n Leweringstrategie waar 'n produk in een groot stap ontwikkel en geïmplementeer word.

A Faseprojeklewering
B Iteratiewe projeklewering
C Inkrementele projeklewering
D Eenmalige projeklewering

1.10 'n ... verminder die uitwerking van 'n risiko.

A Risikoversagting
B Probleemboom-ontleding
C Risikobestuursplan
D Gebeurlikheidsplan

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Delegering maak deel uit van leierskapsvaardighede en -tegnieke.

2.1.2 'n Kostevoordeel-ontleding word deur projekbestuurders gebruik om verwagte uitgawes te vergelyk met die voordele wat verkry kan word.

2.1.3 'n Agenda behoort ná 'n vergadering aan aanwesiges gestuur te word om onderwerpe by te voeg, indien nodig.

2.1.4 'n Voorsieningsbestuursproses lig jou in hoe om projekrisiko's stap vir stap te identifiseer en te bestuur.

2.1.5 Vorderingsverslagdoening behoort slegs aan die einde van 'n projek gedoen te word.

(5 × 1) (5)

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Item geproduseer as 'n uitkoms van 'n projekaktiwiteit	A	mylpaal
2.2.2	Verwys na die hoeveelheid tyd wat beskikbaar is om 'n projek te voltooi	B	werkspakket
2.2.3	'n Stuk werk wat realisties geskat en vinnig afgehandel kan word	C	norme en sosiale standaarde
2.2.4	Dui aan dat 'n reeks aktiwiteite afgehandel is en verteenwoordig vorderingspunte	D	projekbestuurder
2.2.5	Persoon wat 'n projek befonds	E	tydsbeperking
2.2.6	Gedragsreëls wat werknemers van informele riglyne voorsien oor hoe om op te tree	F	verskafferkontrak
2.2.7	Belangrikste belanghebbende wat die gesag het om vir hulpbronne te teken en besluite rakende die projek af te dwing	G	force majeure
2.2.8	Ooreenkoms tussen 'n projekbestuurder en eksterne verskaffer vir lewering van 'n omskrewe stel produkte en dienste	H	variansieontleding
2.2.9	Meting van werklike vordering teen die projekplan of aanwysers, opsporing van afwykings en inwerkingstelling van korrektiewe optrede	I	projekplan
2.2.10	Belangrikste werktuig om beheer oor 'n projek te handhaaf	J	lewerbare
		K	borg

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 ... verwys na beperkings of struikelblokke wat die projekspanlede ervaar terwyl hulle aan die projek werk.

2.3.2 'n ... is 'n vinnige en effektiewe manier om 'n probleem te identifiseer en by die grondoorsaak daarvan uit te kom.

2.3.3 ... behoort gereeld inligting oor die projekstatus te ontvang.

2.3.4 'n ... is 'n werkselement wat normaalweg op die werksuiteensettingstruktuur aangetref word.

2.3.5 Die take wat sal bepaal of 'n projek 'n sukses is of nie, staan bekend as ...

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

BONZA-BEHUISINGSPROJEK

Bonza Konstruksie is 'n toonaangewende konstruksiemaatskappy in swart besit in Suid-Afrika. Bonza Konstruksie, wat in 2016 gestig is, roem hom op hoogstaande gehalte en tydige lewering, wat hy trots versterk deur hul kernwaarde: "Ons lewer diens". Hierdie kernwaarde word ondersteun deur hul span ervare beroepslui om te verseker dat elke projek betyds en tot die hoogste standaard voltooi word. Sipho Langa is aangestel as die projekbestuurder vir die Bonza-behuisingsprojek om te verseker dat die projek behoorlik funksioneer.

Projekbeskrywing:

Konstruksie van 320 strukture in KwaZulu-Natal

Bestek:

Die konstruksie van 320 strukture waar die oppervlakte van elke eenheid 50 m^2 is en uit die volgende bestaan:

- 'n Badkamer met handwasbak en bad
- 2 slaapkamers
- 'n sitkamer en oopplankombuis
- 'n 100 ℓ hoëdruk-songeiser
- Elektriese installasie

Projekstatus: Januarie 2021 – Desember 2023

Begroting: R5,2 miljoen

3.1 Verduidelik wat 'n *projekomvang* is. (2)

3.2 Noem DRIE eienskappe wat Sipho moet openbaar om 'n effektiewe projekbestuurder te wees. (3)

3.3 Verduidelik kortliks die projekleweringstrategie wat vir die Bonza-behuisingsprojek toegepas kan word. (3)

3.4 Gee VIER tipes afhanklikhede wat Sipho moet oorweeg om 'n akkurate, gedetailleerde skedule op te stel. (4)

3.5 Identifiseer TWEE sterk punte van die Bonza-behuisingsprojek. (2)

3.6 Identifiseer VIER dokumente wat Sipho kan gebruik wanneer hy lyste aktiwiteite opstel en hierdie aktiwiteite prioritiseer. (4)

Kopiereg voorbehou

3.7 Noem die doel van ’n aktiwiteitskedule. (4 × 2) (8)

3.8 Waarom behoort Sipho die projek gereeld te monitor? (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 Die projekborg stel veranderinge voor wat aan die oopplankombuis gedoen moet word.

Watter vorm moet voltooi word? (2)

4.2 Gee VYF stukke inligting wat ingesluit moet word by die vorm wat in VRAAG 4.1 genoem word. (5)

4.3 Ontleed die uitwerking van die verandering op die projeklewerbares van die Bonza-behuisingsprojek. (4)

4.4 Noem VIER risikobestuurstrategieë. (4)

4.5 Verduidelik DRIE kommunikasievlakke in ’n projek. (3)

4.6 Adviseer Sipho oor VIER kommunikasiemetodes wat hy kan gebruik wanneer hy met belanghebbendes kommunikeer. (4)

4.7 Bespreek DRIE redes waarom dit belangrik is om voortdurend die vordering van ’n projek te monitor. (6)
[28]

VRAAG 5

5.1 Waarom behoort Sipho die projekaktiwiteite gereeld te verifieer en te kontroleer? (4)

5.2 Wat sal gebeur indien gehalte nie tydens die Bonza-behuisingsprojek bestuur word nie? (4)

5.3 Verduidelik kortliks die term *versagting*. (2)

5.4 Noem VYF tipes risiko-elemente wat by projekbestuur betrokke is. (5)

5.5 Noem VIER items wat Sipho by ’n risikoherstelplan moet insluit. (4)

5.6 Noem VYF beperkings wat die Bonza-behuisingsprojek negatief kan beïnvloed. (5)

5.7 Verduidelik DRIE gevolge van hierdie beperkings op die Bonza-behuisingsprojek. (3 × 2) (6)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Een van die dinge wat sal bepaal of ’n projek ’n sukses of mislukking sal wees, is die vroeë identifisering van potensiële probleme en om dit so gou moontlik op te los. Dit is belangrik om ’n stelsel te hê wat probleme kan aanmeld en dokumenteer.

6.1 Gee DRIE redes waarom verslae deur die projekbestuurder gelewer moet word. (6)

6.2 Verduidelik kortliks die term *projekevaluering.* (2)

6.3 Noem DRIE kriteria waarvolgens die sukses van die Bonza-behuisingsprojek gemeet kan word. (3)

6.4 Verduidelik kortliks hoe Bonza Konstruksie die gehaltestelsels sal beoordeel wat vir hierdie projek gebruik word. (3 × 2) (6)

6.5 Watter DRIE punte behoort oorweeg te word wanneer projekevaluerings beplan en uitgevoer word? (3 × 2) (6)

6.6 Watter DRIE brokke inligting behoort by die lesse-geleer-dokument ingesluit te word? (6)

6.7 Gee DRIE redes waarom lesse wat geleer is, gedokumenteer moet word. (3)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou